*South African Journal for Research in Sport, Physical Education and Recreation, 2005, 27(2): 129-141.*
*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning, 2005, 27(2): 129-141.*
*ISSN: 0379-9069*

# DIE AARD VAN SPORT EN SPELE IN DIE KONSENTRASIEKAMPE TYDENS DIE ANGLO-BOEREOORLOG, 1899-1902

Floris J.G. VAN DER MERWE
*Departement Sportwetenskap, Universiteit Stellenbosch, Stellenbosch*
*Republiek van Suid-Afrika*

***ABSTRACT***

*The findings of this study revealed that in spite of the hardship and depression associated with life in the concentration camps, the inmates also had the opportunity to play. As play is an inherent need of a child, it is not surprising that play would feature in those circumstances although the intensity of participation differed for individuals or at the various camps. It is probably reasonable to speculate that participating in sport and games no doubt brought some relief to the gloom and doom of war. The game of marbles was the most popular game among the children, however, other games such as clay-stick, quoits, button games, five-stones, rope skipping and games with wire and tin toys were also prevalent. The camp authorities went out of their way to introduce sports such as athletics, football, tennis and cricket to promote and accelerate their Anglicisation policy. Especially celebrations such as Christmas, New Year, Easter and the birthday and coronation of King Edward VII were used for this purpose. The sport culture established in this way in the camps endured until after the war when it spread throughout the whole country.*

**Key words:** Anglo-Boer War; Sport; Games; Concentration camps.

## INLEIDING

Met die onlangse honderdjarige herdenking van die Anglo-Boereoorlog was die konsentrasiekampe weer sterk in die kollig. Nuwe geskrifte en televisieprogramme het daaroor verskyn, wat die kennisbron rakende hierdie oorlog aansienlik uitgebrei het. In nie een van hierdie gevalle het die fokus egter op sport en spele in die genoemde kampe geval nie.

Hierdie ondersoek vloei uit 'n afgehandelde navorsingsprojek wat oor sport en spele in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog gehandel het (Van der Merwe, 1995/1). Bronne oor die konsentrasiekampe dek gewoonlik aspekte soos watervoorsiening, wasgeriewe, brandhout, oorbevolking, ontberinge in die kamp, beddens en beddegoed, sanitêre reëlings, kleding van die kampinwoners, voedsel, hospitaal, sterftes a.g.v. siektes, kerkhof, tragiese gebeure in die kamp, ontsnappings, kerklike lewe, onderwysvoorsiening ens., maar nooit sport en spele nie.

Die doel van die oorhoofse ondersoek was dus om te poog om aan te toon dat sport en spele wel 'n kardinale rol in die lewens van die kampinwoners gespeel het. Die ondersoek het die volgende vrae gestel:

1) Watter behoefte aan fisieke aktiwiteit het die kampinwoners in daardie omstandighede gehad?
2) Op watter maniere het die militêre owerhede sport en spele in die kampe beïnvloed?
3) Aan watter aktiwiteite het die kampinwoners deelgeneem?
4) Van watter belang was hierdie aktiwiteite vir die kampinwoners (m.a.w. was dit onder andere 'n instrument van kulturele en maatskaplike verandering)?

Die studie was dus hoofsaaklik toegespits op die fisieke aktiwiteite van die inwoners van die wit en swart kampe. Hierdie ondersoek sal nie net die geskiedenis rondom een van die ingrypendste gebeurtenisse in die Suid-Afrikaanse verlede verryk nie, maar ook 'n waardevolle bydrae tot Suid-Afrikaanse sport- en kultuurgeskiedenis lewer. Die waarde van die ondersoek lê daarin dat die belangstelling in die geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog nog geensins afgeneem het nie. Dit is die historiese onderwerp waaroor daar die meeste gepubliseer is in Suid-Afrika (Cuthbertson, 2002:ix). Tot dusver was die sport- en spelkultuur van die konsentrasiekampe egter nog 'n braak veld.

Hierdie artikel spits hom toe op bogenoemde punt drie, naamlik die aard van die sport en spele wat in die kampe aangetref is. Punte een, twee en vier is in 'n artikel gedek wat alreeds verskyn het (Van der Merwe, 2004:117-130). Daarin is die terapeutiese waarde van sport in dié besondere oorlogsomstandighede, asook die rol van die beproewende kamplewe, die kampowerhede en Britse imperialisme bespreek.

## SPORTAKTIWITEITE IN DIE KAMPE

Teen die verwagting in is heelwat sportaktiwiteite in die kampe gevind. Hieronder tel atletiek, voetbal, krieket, tennis en 'n wye verskeidenheid kleiner sportsoorte of spele, soos albaster, bord- en kaartspele, dril- en liggaamsoefeninge, gimnastiek, kleinspele, kroukie, ringgooi, oorlogspele, swem en visvang.

By geleenthede soos Kersfees, Nuwejaar, Paasfees, en veral koning Edward VII se verjaardag en sy kroningsplegtigheid, is daar in die meeste kampe "sports" gehou. Laasgenoemde term is in daardie dae gebruik om byeenkomste te beskryf waar 'n variasie van atletieknommers en boeresportnommers op die program verskyn het.

Van die grootste atletiekdae is op 9 November 1901 met die koning se verjaardag gehou (O.M., 5747/8; V.A.B., SRC 15, lêer 6097; Raath & Louw, 1991:82) asook einde Junie 1902 met sy kroningsplegtigheid. In Suid-Afrika is die verskillende konsentrasiekampe ingesluit by die oorhoofse program van feestelikhede tydens die kroning van koning Edward VII. Die Direkteur van Kampe het op 21 April 1902 'n omsendskrywe (nr. 146) uitgestuur waarin aan al die superintendente voorgestel is dat hulle op die kroningsdag van die volgende feestelikhede moes beplan: 'n piekniek met sport en spele vir die kinders; 'n atletiekprogram vir die volwassenes; 'n aandkonsert deur die skoolkinders; en 'n aandete vir die senior burgers, met 'n orkes indien moontlik (T.A.B., DBC/12, April 1902). Hierdie program moes oor twee dae strek, en spesifiek [Donderdag] 26 en [Vrydag] 27 Junie 1902. Die atletiek was vir die middag van die tweede dag bestem (T.A.B., DBC/11, May 1902).

Die kroning in Engeland is op die ou end uitgestel weens die koning se siekte. Hy is uiteindelik eers op 9 Augustus 1902 gekroon (Wohlberg, 2000:153). Baie kampe het egter

gehou by die oorspronklike reëlings. In die Klerksdorp-kamp het die inwoners selfs vir drie dae lank sport gehad. Die eerste dag is gewy aan 'n atletiekbyeenkoms vir die mans en die volgende dag vir die kinders. Op die derde dag is 'n krieketwedstryd gespeel (*Cape Times*, 1902b:7). Ongelukkig word geen datums vir die drie dae gegee nie.

Pietersburg-kamp het hul uitgestelde sportdag eers op [Saterdag 19] Oktober 1902 gehou. Volgens J.E. Tucker, die superintendent, was die dag uiters suksesvol en het die kinders en volwassenes dit terdeë geniet (T.A.B., DBC/14, October 1902). Benewens die standaard atletieknommers was daar ook 'n touspringkompetisie, 'n donkieresies, sakresies, driebeenresies, halfmyl, beeswagterswedloop ("Cattle Guards' race in full order") ens. (*Cape Times*, 1901:5).

Die Oranjerivier-kamp by die Oranjerivierstasie het sy atletiek ter viering van die kroning van koning Edward baie ernstig opgeneem. Daar was so baie inskrywings dat die beperkte tyd en plek die kansellasie van sekere uitdunne genoodsaak het. Van 23 tot 25 Junie 1902 het hulle uitdunne gehou, terwyl die eindronde op Vrydag, 18 Julie plaasgevind het. Laasgenoemde is aanvanklik vir 27 Junie beplan, maar is toe uitgestel vanweë die skielike siekte van die monarg. Die program het 'n interessante samestelling van vermaak en ernstige atletieknommers bevat. Onder eersgenoemde was 'n kruiwaresies waar die maat wat in die kruiwa gesit het, vir die "bestuurder" aanwysings moes skreeu, aangesien die "bestuurder" geblinddoek was (*Diamond Fields Advertiser*, 1902:8; Wiid, s.j.). Verder was daar, onder andere, die:

> "…boys' obstacle, sack, orange in bucket, and three legged races. The girls' three legged race, and threading the needle, also the bolster fight on donkeys, and the bun and ginger-beer race. The funniest event on the programme was the band race, the distance being 100 yards. Each man had to run while playing his instrument. Words cannot express the fun and excitement this event caused, especially in the case of the basses and big drummer." (*Diamond Fields Advertiser*, 1902:8;. Wiid, s.j.)

Volgens Rina Wiid (2003), op wie se plaas die Oranjerivierkamp geleë was, is die "bun and ginger-beer race" soos volg gespeel: Die "bun" het 'n gat in gehad en 'n stokkie is daardeur gesteek. Dit is dan in die hand gedra. Die gemmerbierbottel is op die ander hand se palm gebalanseer en só is daar gehardloop. Die "orange in bucket race" was 'n heen-en-weer hardlopery waar lemoene een vir een by die eindstreep gaan haal en in 'n emmer by die wegspring gegooi is.

In hierdie studie het die term "voetbal" groot verwarring veroorsaak. Dit is 'n generiese term wat na óf rugby óf sokker óf beide verwys. In die vorige ondersoek, wat oor sport onder die krygsgevangenes gehandel het, was dit baie maklik om tussen die twee te onderskei, want die kampkoerantjies het die spanne gepubliseer en oor die wedstryde verslag gedoen. Foto's het ook die spel vasgevang en daarvolgens (aantal spelers, doelpale, hantering van die bal, ens.) kon bepaal word of dit rugby of sokker was. In die onderhawige studie was daar byna geen dergelike hulpmiddels nie.

Die kwessie van "voetbal" gaan waarskynlik nie maklik opgelos word nie. Berigte in die *Star* van vroeg 1902 verwys na "English football" en "Rugby" (*Star*, 1902a:6). In 'n ander uitgawe is die hoofopskrif, "Football", gebruik en daaronder was kolomme verdeel onder "Association" en "Rugby" (*Star*, 1902b:7; 1902c:9). In 'n uitgawe van die *Cape Times (Cape*

*Times*, 1902a:7) word verwys na “The Socker Game”. In die *Sphere* (1901:159) is daar ’n foto van ’n rugbyspel en die onderskrif verwys na “Football players in mourning for Queen Victoria”.

Die program van die “Kimberley Refugee Camp Sports”, gehou op 24 en 25 Junie 1902, verwys na “drop kick rugby” vir seuns onder 16 jaar (V.A.B., A.445). In daardie jare was stelskop en skepskop na rugbypale gereelde nommers op die atletiekprogram (Van der Merwe, 1987:74-76). Daar is ’n foto in die *Graphic* (1902: 529) van swart deelnemers aan ’n hinderniswedren wat rugbypale in die agtergrond toon. Dan is daar ook die foto in Raath en Louw (1991:80) se werk oor die Springfontein-kamp wat ’n voetbalwedstryd (sic) tussen die lede van die kamppersoneel toon. Op hierdie foto staan ’n speler met ’n bal in die hand en maak hy oënskynlik gereed vir ’n afskop. Dié “voetbalwedstryd” was dus in der waarheid ’n rugbywedstryd.

Met verwysing na die Mafeking-kamp is die volgende aanhaling rakende voetbal ook betekenisvol. “Vrou sê toe [vir Hendrik] ‘ek hou tog ook niks van daardie gemors van ’n speletjie nie, waar julle net soos mal mense ’n bol probeer stukkend skop” (Van Bruggen, 1935:111). Dit wil voorkom asof sy hier na sokker verwys het.

Min is oor die aard van die velde bekend. Die kanse is seker skraal dat hulle oral op grasbedekte velde gespeel het. Hierdie feit wil die skaal in die guns van sokker laat swaai, maar dan moet weer in gedagte gehou word daar dat in die krygsgevangenekampe (waar rugby die gewildste was) ook nie ordentlike velde was nie.

In sy verslag vir Maart 1902 het kampinspekteur lt. R.W. Henderson die volgende oor die Vereeniging-kamp te sê gehad: “Recreations of all sorts are provided for the people, including football, cricket, and croquet, but with the exception of croquet to which the men in camp have taken very readily, there is no great enthusiasm about any game” (T.A.B., DBC/12, March 1902:7). Ook in die Middelburg-kamp was ’n voetbalveld, maar die “Dutch people” het selfs teen Julie 1902 nie veel daarvan gebruik gemaak nie (T.A.B., DBC/11, July 1902). Die ondersoek het egter getoon dat dit nie oral die geval was nie, inteendeel, voetbal (of dit nou rugby of sokker of beide was) was in die meeste kampe baie gewild. Balle is deur die kampowerhede verskaf, velde is geskep en in sommige kampe is selfs voetbalklubs gestig, soos die foto hieronder aantoon.




*FIGUUR 1.* **DIE SOKKERSPAN VAN ALIWAL-NOORD SE KAMPSKOOL** (MuseumAfrica, MA661993P10). **DIE FC EN RC OP DIE BORS HET WAARSKYNLIK NA DIE KLUB VIR DIE TWEE VOETBALKODES VERWYS.**

In Barberton het die kinders in groepies by die “gevlegte heining” bymekaar gekom om te speel. Voetbal is sommer met ’n melk- of ander tipe blik gespeel (Van Schoor & Coetzee, 1982:6). Dit moes waarskynlik kort na hul aankoms in die kamp gewees het, voordat speletoerusting verskaf en ’n speelterrein uitgelê is, want teen Januarie 1902 is na skoolure o.a. voetbal gespeel op ’n stuk grond wat vir hierdie doel voorberei is (T.A.B., DBC/12, March 1902:3). Dit moet die kampowerhede ter ere nagegee word dat hulle voetbal aangemoedig het deur die nodige infrastruktuur te skep. So byvoorbeeld verklaar kampinspekteur C.E.W. Sands se verslag vir Maart 1902 dat voetballe aan die seuns in die Barberton-kamp verskaf is (T.A.B., DBC/12, March 1902:13). Die soldate het ook as voorbeeld gedien. In die Heilbron-kamp het hulle gereeld in die straat voetbal gespeel. Een kampinwoner herinner hom daaraan dat hulle hom op ’n dag met die bal teen die kop geskop en hy bly lê het, waarop sy ma met hulle geraas het (Raath, 2002:110).

Dr. Kendal Franks se verslag van 24 Augustus 1901 het na twee voetbalklubs verwys wat die seuns van die Belfast-kamp gestig het. Blykbaar het maj. Bulam, die superintendent in Belfast, ’n groot belangstelling in die kampkinders getoon en die voetballe aan die seuns verskaf (Cd. 819:328). Dit is in Oktober daardie jaar opgevolg toe ’n voormalige bevelvoerende offisier ’n voetbal aan die seuns en touspringtoue aan die dogters geskenk het (Cd. 893:154).

Britse sport is in die kampskole aangewend om die verengelsingsbeleid toe te pas (Wessels, 2003). Krieket is by uitstek ’n voorbeeld hiervan. Alhoewel dit minder gewild as voetbal blyk te gewees het, is dit nogtans geesdriftig aangeleer en gespeel.

In baie gevalle het die Britse regering kriekettoerusting aan die kampe voorsien, soos in die geval van Kimberley (Hobhouse, 1923:261). Volgens die Maart 1902-verslag van C.E.W. Sands, die inspekteur van kampe, is die kriekettoerusting van die Barberton-kamp ook deur die owerhede verskaf (T.A.B., DBC/12, March 1902:13). G.F. Esselen, superintendent van die Irene-kamp, het in Oktober 1901 in sy verslag genoem dat hulle ’n volledige stel kriekettoerusting van hoofkantoor ontvang het. ’n Goeie krieketveld is tot stand gebring en hulle het beplan om hul eerste wedstryd op die koning se verjaardag te speel (Cd. 902:72). Hierdie berig is teenstrydig met ’n volgende, vier maande later, wat genoem het dat daar teen Maart 1902 nie veel rekreasie aangebied is nie, behalwe dit wat die kampinwoners self geïnisieer het. Die mans en seuns het byvoorbeeld veral geswem en krieket gespeel. Dit het die kampsuperintendent, lt. A. Bruce, genoodsaak om kriekettoerusting aan te vra (T.A.B., DBC/12, March 1902:8). Dit mag wees dat krieket gedurende bogenoemde viermaandetydperk as gevolg van ’n onbekende rede doodgeloop het.

In heelwat kampe blyk dit dat die kinders daagliks krieket gespeel het. Voorbeelde hiervan is in Barberton waar die kinders in Januarie 1902 na skoolure o.a. krieket gespeel het op ’n stuk grond wat vir hierdie doel voorberei is (T.A.B., DBC/12, March 1902:3). Ook in die Johannesburg-kamp het kampsuperintendent A.A. Noble in Maart 1902 gerapporteer dat die kinders/jongmense onder andere daagliks krieket gespeel het (T.A.B., DBC/12, March 1902:4). Vroeg in 1902 wou J.H. Sinclair as superintendent van die Springfontein-kamp 13 krieketspelers na Norvalspont neem om ’n wedstryd teen die kampinwoners daar te gaan speel. Alhoewel die permit ontvang is, wou die stasiekommandant dit nie onderteken nie, met die gevolg dat geen treinkaartjies aan die spelers uitgereik kon word nie (Raath & Louw, 1991:83-84). Geen rede is vir sy weiering gegee nie.

Kampverslae het soms verwarring veroorsaak deurdat die leser nie altyd sekerheid het oor wanneer die sportverslag op kampinwoners (Boere) of kamppersoneel betrekking het nie. Soms word die teikengroep egter pertinent genoem. So byvoorbeeld het die inspekteur van die kampe in Maart 1902 aanbeveel dat ’n tennisbaan as rekreasie vir die personeel van die Barberton-kamp gebou moes word (T.A.B., DBC/12, March 1902:6). Teen Junie is ’n stuk grond al gelykgemaak en is die baan voorberei (T.A.B., DBC/11, June 1902). In die Krugersdorp-kamp het ’n tennisbaan die lys van rekreasiemiddele vir die personeel aangevul (T.A.B., DBC/12, April 1902).

Volgens dr. Kendal Franks se verslag van 24 Augustus 1901 het die seuns van die Belfast-kamp ’n tennisklub gestig (Cd. 819:328). Geen ander tennisnuus uit hierdie kamp is bekend nie, behalwe dat die damespersoneel teen April 1902 graag tennis gespeel het. Die baan was in die nabyheid van die hospitaal (T.A.B., DBC/12, April 1902). In die Heidelberg-kamp was daar teen Maart 1902 twee tennisbane vir die kampinwoners en personeel se gebruik (T.A.B., DBC/11, May 1902:2). Uit beide verslae blyk dit dat die inwoners en die personeel van die geriewe gebruik gemaak het.

Die Bethulie-kamp is op 22 April 1901 opgerig en het ook as die Rooibult-kamp bekend gestaan. Daar was ’n goeie grastennisbaan in die kamp en ’n tweede is later in dieselfde jaar

voorberei. Die kamp se superintendent, Russel Deare, was die voorsitter van die tennisklub met 42 lede. Die ledetal was dus relatief klein in ag genome dat daar amper 5 000 mense in die kamp was. Die kinders het na 08:00 ’n bietjie gespeel. Die res van die dag het aan Deare en sy klublede behoort (Le Roux, 1979:1, 15).




*FIGUUR 2.* **GEMENGDE DUBBELSPEL AAN DIE GANG IN KROONSTAD** (MuseumAfrica, MA811244p6.)

Dit blyk dat die kampowerhede oor die algemeen die speel van speletjies aangemoedig en terreine daarvoor beskikbaar gestel het. Kapt. A.G. Trollope het as hoofsuperintendent van die vlugtelingkampe van die Oranjerivier-kolonie ’n aantal maatreëls uitgevaardig waaraan kampe onder sy jurisdiksie moes voldoen. Een hiervan was dat die speel van speletjies onder die kampinwoners aangemoedig moes word (Roodt, 1990:76). Onder hierdie speletjies was albasterspeel verreweg die gewildste.

Toerusting vir sport en spele is meestal deur óf die owerhede verskaf óf in die vorm van skenkings deur welwillendheidsorganisasies ontvang. In menige gevalle het die kinders dit ook self gemaak. Wanneer albasters nie as geskenk of uit lemonadebottels verkrygbaar was nie, is ander planne beraam, soos die meegaande foto aantoon. By hierdie foto, wat ’n albasterspel uitbeeld in die *Graphic*, was die onderskrif soos volg:

> “When passing through a village the other day, I was amused to see a young son of a Boer refugee busily engaged in a game of marbles with a Kaffir of about equal size. Several Tommies were standing by enjoying the game. My surprise was intensified when I found that the boys were playing with scrapnel bullets, which they had found in an expended 15-pound shell.” (*Graphic*, 1901:321)



*FIGUUR 3.* **DIE ALBASTERSPEL SOOS UITGEBEELD IN DIE *GRAPHIC***

Met die daarstelling van kampskole is die kinders aan onder andere liggaamsoefening blootgestel. Dit het meestal in die vorm van driloefeninge plaasgevind. In die Irene-kamp het die kinders soggens van 08:00-08:30 ’n drilperiode vir 50 leerlinge op ’n slag gehad (T.A.B., DBC/12, March 1902; Hattingh, 1965:137) en in Nylstroom het gemiddeld 400 leerders drie keer per week driloefeninge ontvang. Hierbenewens het die dogters ook nog drie keer per week naaldwerk gehad (T.A.B., DBC/12, February 1902). Die afleiding word dus gemaak dat die dril vir beide geslagte was. Dit was alles aktiwiteite wat deel van die Britse leerplan uitgemaak het. In sommige kringe het die “quasi-militêre driloefeninge by baie ook teësin verwek, omdat dit die ouers laat dink het dat van hulle kinders reeds vroeg soldaatjies gemaak word” (Symington, 1943:29). Kleinspele (hiermee word bedoel alle “tradisionele” spele wat buitenshuis spontaan en informeel beoefen word) (De Jongh & Van der Merwe, 1984:2) soos onder andere kleilatgooi, tolgooi, kennetjie, perdeskoengooi, knoopspeel (Van Schoor & Coetzee, 1982:6, 10), touspring (ook riemspring genoem) (T.A.B., DBC/12, January 1902; April 1902; Cd. 893:154), ringgooi (T.A.B, DBC/12, February 1902; March 1902:4; Cd. 902:108), klip-klip, dolosse (Wiid & West, 2002:66-67), draad-en-blikspeelgoed (Wiid, 2003), en skool-skool-speel (Hattingh, 1965:135) was ook gewild. Enkele verwysings is ook na domino’s, ludo (Wiid, s.j.), skaak (O.M., 6766/1:27) en pand (T.A.B., A951:24, 27) gevind.

Kleilatgooi is nie oral deur die kampowerhede toegelaat nie. In die Winburg-kamp was daar op 'n dag 'n Britse begrafnisstoet, bestaande uit 'n kis op 'n kanon getrek deur twee perde, wat die kampkinders se aandag getrek het. In die kis was die lyk van 'n Britse offisier. Toevallig gewapen met hul kleilatte het hulle die kis as teiken gekies. Een kleilatter het die kol getref en die uiteinde was twee weke ryswater vir almal (*Volksblad* & Oorlogsmuseum, s.j.:76). P.J. Fourie herinner hom uit die Bethulie-kamp dat hulle (die seuns) kleilat gegooi het, maar dat dit vinnig deur die kampowerhede stopgesit is (Van Schoor & Coetzee, 1982:10).

Ten slotte is daar geswem en visgevang. Kampe by die see, riviere of damme en dié met swembaddens het hierdie tipe vermaak verskaf. So was daar byvoorbeeld langs die Bloemfontein-kamp 'n dammetjie waarin die kinders gereeld gaan swem het (O.M., 3924/2:3). Kampe by of naby die see het uit die aard van die saak swem as 'n gewilde opsie gelaat. Die inwoners van die Merebank-kamp in Natal het maklik 'n driekwartier deur die bosse en suikerrietplantasies gestap om by die Wentworth-strand uit te kom. Pieknieks, swem en visvang in die see was 'n gewilde tydverdryf daar. Dit was, veral vir die kinders, 'n welkome onderbreking van die daaglikse vervelende roetine. 'n Pas moes natuurlik verkry word om die kamp te verlaat (T.A.B., DBC/12, January 1902:2; Wohlberg, 2000:146).

Die volgende herinnering van J.P. Swart verwys oënskynlik na die Merebank-kamp:

> Ons hoogtepunt van geluk was die dae waarop ons strand toe gegaan het. Saterdae, wanneer daar nie skool is nie, gaan ons klomp te voet see toe, omtrent ses of sewe kilometer ver. Sodra ons op die strand kom gaan die Evas links en die Adams regs. Daardie tyd was daar nie 'n deurmekaar baaiery nie, en behoed die seun wat na ma kom soek. Hy het gou 'n les geleer en sou tweemaal dink voor hy weer die Evas se swemplek besoek. Die meisiemense was gekleed in lang nagrokke of so iets en die mans kaal. Daar het gelukkig nooit 'n vroumens amper verdrink nie. Ook maar goed, want watter man sou dit waag om te gaan hand bysit. Daar was nog nie nette nie, maar selfs geen haai het dit by die vroumense gewaag nie. (Van Schoor & Coetzee, 1982:21)

Kampe langs riviere, soos die Potchefstroom-kamp wat aan die Mooirivier geleë was, het hom ook uitstekend tot swem geleen. Al die seuns, groot en klein, het goed leer swem in die tyd wat hulle in die kamp moes deurbring (Potchefstroom Museum:4-6). Die kampsuperintendent, J. Swart, het die volgende in sy verslag geskryf: "With the exception of physical school drill, the recreation mostly indulged in by the young people and children is swimming. There is hardly a child over the age of 8 who is not a good swimmer" (T.A.B., DBC/12, March 1902:4). Wat visvang aanbetref, was dit veral in die Howick-kamp in Natal waar dit baie gewild was (Van Schoor & Coetzee, 1982:21; O.M., 6028/14).

Min gegewens is oor sport en spele in die swart kampe gevind. Daar is nie so noukeurig rekord gehou oor die swart kampe soos die blanke kampe nie (Anon., 1996:2). In die "Committee of Ladies appointed by the Secretary of State for War" se verslag oor die konsentrasiekampe blyk dit dat hulle 33 wit kampe besoek het, maar geen swart kampe nie (Raath, 1999:9). Dit is waarskynlik waarom amper geen rekord oor die daaglikse roetine of toestande in hierdie kampe bestaan nie (Mongalo, 1996:46). Baie rekords oor die swart kampe het ook verlore geraak of is vernietig. Desondanks is dit bekend dat die toestande in die swart kampe veel erger was as in die blanke kampe (Anon., 1996:5, 7).

Swart kinders het weliswaar met draad-en-blikspeelgoed gespeel (West, 2003) en soms is daar vir hulle voorsiening gemaak op die atletiekprogramme van die wit kinders. So byvoorbeeld was daar gladdepaalklim vir swart seuns en 'n 220-treewedloop vir swart dogters op die "Kimberley Refugee Camp Sports" van 24 en 25 Junie 1902 (V.A.B., A.445). Die program van die "Athletic Sports" wat ter ere van koning Edward se verjaardag op 9 November 1901 in die Bloemfontein-kamp gehou is, het 'n "Native race" oor een myl op die program gehad. Die program het ook bepaal dat slegs kampinwoners aan hierdie sportdag kon deelneem (O.M., 5413/1). 'n Aantal swartes en bruinmense het saam met die wittes in laasgenoemde se kampe gebly. Sommige was bediendes en ander het minder aangename werk verrig, soos toilet-emmers leegmaak ens (Farwell, 1976:149).

## SLOTSOM

In 'n neutedop kan gesê word dat die inwoners van die konsentrasiekampe nie nét 'n swaarmoedige lewe gelei het nie. Speel is 'n inherente behoefte by 'n kind en daar is inderdaad gespeel, al was die intensiteit daarvan nie by alle individue en kampe dieselfde nie. Dit is waarskynlik veilig om te spekuleer dat die sport en spele in die kampe baie gehelp het om die oorlogslot te verlig. Kinderspele soos albaster was die gewildste, terwyl die kampowerhede moeite gedoen het om met sportsoorte soos atletiek, voetbal en krieket die verengelsingsbeleid toe te pas en selfs te versnel. Die sportkultuur wat op hierdie wyse in die kampe vasgevang is, was blywend en het na die oorlog oor die hele land uitgekring.

Anders gestel, die gevangenskap waarin veral die plattelandse Boere hulle tydens die oorlog bevind het (en hier word die krygsgevangenes ingesluit), was die medium waarin die Britse sportkultuur hulle bereik het en hulle het later, soos in die geval van rugby, dit hul eie kultuur gemaak.

## SUMMARY

**The nature of sport and games in the concentration camps during the Anglo-Boer War, 1899-1902**

This article draws on overarching research aimed at showing that sport and games did play a seminal role in the lives of the inmates of the camps. Aspects explored were the inmates' need for physical activity, how the military authorities influenced sport and games, in which activities the camp inmates took part and the level of interest the inmates had in these activities (for instance, were they an instrument of cultural and social change?). This article, however, looks only at the nature of the sport and games found in the camps.

Contrary to expectation, it was found that there were a number of sporting activities in the camps. Among them were athletics, football, cricket, tennis and a wide variety of minor games such as marbles, board and card games, drill and physical exercises, gymnastics, indigenous games, croquet, quoits, war games, swimming and fishing. On occasions such as Christmas, New Year, Easter and particularly King Edward VII's birthday and his coronation, sports days were held in most camps. The main one was held on 9 November on the occasion of the king's birthday. Athletics were included in celebration of the postponed coronation in August 1902. Apart from the running and jumping events, there were also a wheelbarrow race, boys'

obstacle race, sack race, orange-in-bucket race, three-legged race, threading-the-needle race, bun-and-ginger-beer race, a band race, and a bolster fight on donkeys.

The generic term football caused confusion since it was not always clear whether it referred to rugby or soccer. However, the investigation did show that football was a popular sport in all the camps. Balls were provided by the camp authorities, fields were laid out and, in some of the camps, football clubs were even established. Cricket was primarily chosen by the camp school system to implement the Anglicisation policy. Although it was less popular than football, it was nevertheless enthusiastically learnt and played. Tennis courts were actually built for the staff of the camps but were also used by the inmates.

The camp authorities generally encouraged minor games and made playgrounds available. Of these games, the game of marbles was the most popular among the boys and skipping among the girls. The equipment was provided by the camp authorities or was donated by charitable organisations. In many cases, the children put together the equipment themselves. Marbles, for instance, were obtained from lemonade bottles. Among the other traditional games that were played were clay-stick throwing, tip-cat, top spinning, horseshoe pitching, button games, quoits, skipping, five stones, *dolosse*, wire and tin toys, and school-school. Camps near the sea or a dam or a river offered opportunities to fish and swim. There were even a few camps with swimming-baths. Camp schools exposed the children to physical exercise, mainly in the form of drill exercises.

There is not much information on sport and games in the black camps. The main reason for this is that the documentation was not as carefully kept as in the case of white camps. Many of these records were lost or destroyed. Black children did, however, play with wire and tin toys and sometimes provision was made for them on the athletic programmes for white children.

In a nutshell, it can be said that the inmates of the concentration camps did not lead only depressing lives. Children have an inherent need to play games, and these were definitely played, even if not all individuals (and camps) participated to the same degree. It is safe to assume sport and games helped to alleviate the effects of the war. The sports culture inculcated in the camps was permanent and spread to the whole of the country after the war. In other words, the imprisonment in which the rural Boers, in particular, found themselves (and here prisoners-of-war are included) was the means by which the British sports culture, which they later made part of their own culture (e.g. rugby), reached them.

**REFERENCES**

ANON. (1996). *Black concentration camps during the Anglo-Boer War.* Bloemfontein: War Museum.

*CAPE TIMES*, *THE* (1901). 8 November.

*CAPE TIMES, THE* (1902a). 24 March.

*CAPE TIMES*, *THE* (1902b). 24 May.

Cd. 819, IMPERIALE BLOUBOEKE (1901). *Reports, & c., on the working of the Refugee Camps in the Transvaal, Orange River Colony, Cape Colony, and Natal*. London: HMSO.

Cd. 893, IMPERIALE BLOUBOEKE (1902). *Report on the Concentration Camps in South Africa by the Committee of Ladies appointed by the Secretary of State for War*. London: HMSO.

Cd. 902, IMPERIALE BLOUBOEKE (1902). *Further papers relating to the working of the Refugee Camps in South Africa.* London, HMSO.

CUTHBERTSON, G.; GRUNDLINGH, A. & SUTTIE, M-L. (2002). *Writing a wider war. Rethinking gender, race, and identity in the South African War, 1899-1902.* Cape Town: David Philip.

DE JONGH, J.H. & VAN DER MERWE, F.J.G. (1984). 'n Dokumentering van die aard, historiese oorsprong, ontwikkeling en verspreiding van die verskillende kleinspele onder die blanke bevolking van die Suidwes-Kaap. Ongepubliseerde navorsingsverslag. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

*DIAMOND FIELDS ADVERTISER, THE* (1902). 24 July.

FARWELL, B. (1976). *The great Boer War.* London: Allen Lane.

*GRAPHIC, THE* (1901). 7 September.

*GRAPHIC, THE* (1902). 19 April.

HATTINGH, J.L. (1965). Die Irenekonsentrasiekamp. Ongepubliseerde Magisterverhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

HOBHOUSE, E. (1923). *Die smarte van die oorlog en wie dit gely het*. Kaapstad: Nasionale Pers.

LE ROUX, C.J.P. (1979). *Die konsentrasiekamp van Bethulie. Pellissierhuismuseum-reeks nr. 3*. [Bloemfontein?]: Vrystaatse Museumdiens.

MONGALO, B.E. (1996). The myth of the white man's war: an historical perspective on the concentration camps for blacks during the South African War of 1899 to 1902. Unpublished Master's thesis. Potchefstroom: Potchefstroom University for CHE.

MUSEUMAFRICA, MA661993p10.

MUSEUMAFRICA, MA811244p6.

OM, 3924/2 (Oorlogsmuseum van die Boererepublieke). Oorlogsherinneringe van Alida Jacoba Susanna ("Kitty") Heyns.

OM, 5413/1. Plakboek.

OM, 5747/8. Korrespondensie konsentrasiekamp – brief van Mattie aan haar vader, J.I.L. Pretorius, vanuit die Bloemfontein-kamp, 10 November 1901.

OM, 6028/14. Oorspronklike bydraes tot "Kampkinders" (*Die Brandwag*, 26 Julie 1946).

OM, 6766/1. Dagboekinskrywing van Jacob Gerhardus Kirchner, 27 November [1901].

POTCHEFSTROOM MUSEUM. Herinneringe van D.H. Scholtz tydens sy verblyf as kind in die konsentrasiekamp van Potchefstroom.

RAATH, A.W.G. (1999). *The British concentration camps of the Anglo-Boer War 1899-1902: reports on the camps*. Bloemfontein: War Museum.

RAATH, A.W.G. (2002). *Die Boerevrou, 1899-1902. Deel 2: Kampsmarte.* Nylstroom: Volkskomitee vir die herdenking van die Tweede Vryheidsoorlog.

RAATH, A.W.G. & LOUW, R.M. (1991). *Die konsentrasiekamp-gedenkreeks, nr.2. Die konsentrasiekamp te Springfontein gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902.* Bloemfontein: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke.

ROODT, J.J. (1990). Die Port Elizabethse konsentrasiekamp, 1899-1902. Ongepubliseerde Magisterverhandeling. Port Elizabeth: Universiteit van Port Elizabeth.

*SPHERE, THE* (1901). 16 February.

*STAR, THE* (1902a). 26 March.

*STAR, THE* (1902b). 2 April.

*STAR, THE* (1902c). 4 April.

SYMINGTON, F.C. (1943). Die konsentrasiekampskole in die Transvaal en Oranje Vrystaat. Ongepubliseerde Magisterverhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

TAB (Nasionale Argiefbewaarplek), A951. Herinneringe van kampinwoners (1).

TAB, DBC/11. Burgher Camps Department. General report for May 1902.

TAB, DBC/11. Burgher Camps Department. General report for June 1902.

TAB, DBC/11. Burgher Camps Department. General report for July 1902.

TAB, DBC/12. Burgher Camps Department. General report for January 1902.

TAB, DBC/12. Burgher Camps Department. General report for February 1902.

TAB, DBC/12. Burgher Camps Department. General report for March 1902.

TAB, DBC/12. Burgher Camps Department. General report for April 1902.

TAB, DBC/14. Burgher Camps Department. General report for October 1902.

VAB (Vrystaatse Argiefbewaarplek), SRC 15, lêer 6097. Sports held at RC Vredefort Road on King's birthday.

VAB, A.445. C.S. Sanders-versameling. Kimberley Refugee Camp Sports, 24 & 25 June 1902.

VAN BRUGGEN, J.R.L. (1935). *Bittereinders*. Potchefstroom: H.W. Huyser.

VAN DER MERWE, F.J.G. (1987). Britse invloed op atletiek in die Wes-Kaap tot 1932. Ongepubliseerde Magisterverhandeling. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.

VAN DER MERWE, F.J.G. (1995/1). *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch Annale.

VAN DER MERWE, F.J.G. (2004). Bepalende faktore met betrekking tot die voorkoms van sport en spele in die konsentrasiekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning* 26(2): 117-130.

VAN DER MERWE, F.J.G. (2004). *Sport en spel in die konsentrasiekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902.* Stellenbosch: FJG Publikasies.

VAN SCHOOR, M.C.E. & COETZEE, C.G. (1982). *Kampkinders 1900-1902. 'n Gedenkboek*. Bloemfontein: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke.

*VOLKSBLAD* EN OORLOGSMUSEUM (s.j.). *ABO 100*, *Ons lesers vertel, deel II*. Bloemfontein: Oorlogsmuseum.

WESSELS, E. (2003). Persoonlike onderhoud, Bloemfontein, 25 Junie.

WEST, W. (2003). Telefoniese onderhoud, 23 Oktober.

WIID, R. (s.j.). Doornbult kampe by Oranjerivierstasie. Ongepubliseerde dokumente.

WIID, R. (2003). Persoonlike onderhoud en besoek aan die kampmuseum te Doornbult, Doornbult (Hopetown), 12 Junie.

WIID, R. & WEST, W. (2002). *Die Oranjerivierkampe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902.* Pretoria: Protea.

WOHLBERG, A.U. (2000). The Merebank concentration camp in Durban, 1901-1902. Ongepubliseerde Magisterverhandeling. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Prof. Floris van der Merwe: Departement Sportwetenskap, Universiteit Stellenbosch, Privaatsak X1, Matieland 7602, Republiek van Suid-Afrika. Tel.: +27 (0)21 808 4915, Faks.: +27 (0)21 808 4817, E-pos: floris@sun.ac.za

*(Vakredakteur: Dr. C. Venter)*

# NOTAS